



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die haastige karretjie deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n karretjie wat graag die wêreld wou sien. Hy wou weet wat anderkant die bultjie en anderkant die heuwels was. Hy wou weet waarheen die pad gaan wat om die draai verdwyn. En toe besluit hy om te gaan kyk.

"Kom speel saam met ons langs die riete!" roep die vinkies vrolik na die karretjie.

"Ek kan nie nou speel nie," roep die karretjie terug, en skakel sy enjin aan. "Ek moet gaan kyk wat daar is om te sien aan die anderkant van die draai in die pad."

Voor die vinkies nog iets kon sê, wroem die karretjie in die pad af tot daar waar dit om die draai verdwyn. Hy ry om die draai, en nou kan hy nie meer die vinkies sien nie. Maar wát hy sien is wonderlik! Daar is geel blommetjies oral in die gras.

"Kom speel met ons tussen die geel blommetjies!" roep die bye, maar die karretjie antwoord: "Daar is nie tyd vir speel nie. Ek wil gaan kyk waarheen gaan die pad wat daar voor oor die rantjie verdwyn."

En met 'n wroem ry die karretjie al met die pad af tot anderkant die rantjie. Anderkant die rantjie kan hy amper nie sy oë glo nie! Voor hom lê 'n blink, blink dam vol water – die mooiste wat hy nóg gesien het!

"Kom speel met ons in die vlak water van die dam!" roep die eendjies.

"O nee!" roep die karretjie opgewonde. "Daar is te veel om te sien en te veel om te ontdek. Ek kan nie nou speel nie."

Die karretjie groet die eendjies en wroem in die pad af. Hy ry en hy ry, en om 'n draai sien hy sewe kameelperde met lang, lang nekke wat stadig oor die pad stap. Hulle beweeg so mooi en so stadig dat die karretjie net kan kyk en kyk – so mooi is hulle! Toe die kameelperde in die gras verdwyn, wroem hy weer vorentoe. Om nog 'n draai, en nog een, en nog een. Hy ry en hy ry, en hy sien dinge wat hy nog nooit gesien het nie!


"Ek wonder wat is oor daardie laaste rantjie..." fluister die karretjie toe die son begin sak. Hy ry stadig vorentoe, sy hartjie opgewonde. Hy kan nie wag om te sien wat daar is om te sien nie. En kan jy dit glo? Toe die karretjie oor die laaste rantjie ry, sien hy die heel mooiste, heel beste ding wat hy die hele dag gesien het! Hy sien al sy maatjies, die bye en die eendjies en die vinkies, en hulle is baie bly om hom te sien! Hy het sowaar al in die RONDTE gery en weer by die huis uitgekóm.

"Kom ons gaan speel iets heerliks!" roep die karretjie uit. "Want nou het ek gesien wat ek wou sien. En nou is ek waar ek wil wees!"

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die haastige karretjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za